VRYPOS
Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 13 - Uitgawe 16
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

29 Mei 2015



*Dit is **Sondag 31 Mei 2015, die 90ste Comrades Ultra Marathon** waaraan duisende mense gaan deelneem en sommiges weer gaan probeer om binne die afsnytyd van die goue, silwer- en bronsmedaljes te kom, ander om rekords te behaal… en die res wat net aan die einde wil sê: Ek het dit gedoen! Sterkte aan van ons lesers wat gaan deelneem, mag julle lywe, bene en ook julle gees uithou, sodat julle die eindstreep kan behaal.. ons ander sal julle van die kantlyn of die rusbank aanmoedig… (lees ook by pt 4 meer oor atlete wat deel uitmaak van die "Hardloop vir Bybels"-span)*

1. GEMEENTES BIED AAN: Die **NG Gemeente Hugenoot** herinner almal net weer aan hul kerkbasaar **eerskomende Saterdag 30 Mei 2015** by hul kerkgebou in Bayswater.

Belangrik om te onthou: Alle verkope sal eers vanaf 10:00 plaasvind. Kaartjies is nog môre by die kantoor en Saterdag vanaf 09:30 in die gemeentesentrum te koop.

Inskrywings ten opsigte van die prettrap en fietsren sal slegs Saterdagoggend by die kerk gedoen word vanaf 07:00 – 08:30:

- 4km vir kinders @ R50
- Medium wedren 8km @ R80
- 60km @ R100

Klik asseblief **hier** vir 'n volledige inligtingsdokument oor die basaar – daar gaan 'n hele klomp lekker dinge plaasvind en vele te koop aangebied word. Indien enige verdere inligting benodig word, skakel asseblief die kerkkantoor by 051 436 2659. Kom geniet die oggend en wees deel van Hugenoot se groot familie.

Kyk ook by pt 9 (Herhalings) vir gebeure by ander gemeentes wat voorheen in die hoofberig verskyn het!

2. OMGEWINGSONDAG: Dr Gustav Claassen versoek dat leraars en gemeentes daarvan kennis neem dat **Omgewingsondag weer op Sondag 7 Junie 2015**, gevier word. Dr Claassen sal vroeg volgende week, weer soos in die verlede, sorg vir 'n preek en liturgie met 'n *powerpoint*-aanbieding wat in gemeentes gebruik kan word. *Sodra ek dit ontvang, sal ek dit vir al die gemeentes en leraars aanstuur, hou asseblief julle e-posse dop! - Thea*

3. SHEPHERD - *FRESH EXPRESSIONS*: *Shepherd* nooi alle belangstellendes uit om hulle te skakel indien jy meer inligting ten opsigte van *Fresh Expressions* verlang. Daar is drie fasiliteerders naamlik, Jean van Biljon, Hannes Els en Frans Oosthuizen, wat bereid is om Gemeentes en Ringe te besoek en meer inligting te verskaf. Dit sal gemeentes in staat stel om 'n ingeligte besluit ten opsigte van hulle verbintenis tot *Fresh Expressions* te neem. Kontakbesonderhede is **Shepherd@ufs.ac.za,** of skakel 051 401 3995 (k).

4. MEDIAVRYSTELLING – BYBELGENOOTSKAP: Op 31 Mei 2015 sal byna 23 000 atlete voor die Durbanse Stadsaal aantree vir die 90ste *Comrades Marathon*, 'n ultra-marathon waar beide oud en jonk die langpad aandurf om trots te kan sê: "Ek het die Comrades gehardloop." Tussen die atlete gaan daar vir die 25ste keer meer as 'n honderd atlete wees wat vir meer as 'n medalje hardloop – hulle hardloop ook

vir Bybels! Een so 'n atleet is Louis Massyn van Welkom wat vanjaar sy 43ste Comrades hardloop en vir die laaste agt jaar ook deel is van die *Hardloop vir Bybels*-span. Lees **hier** verder.

- Die Bybelgenootskap het ook bekendgemaak dat die Andrew Murray Spesiale toekenning vir diens aan God se Koninkryk, deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan ds Gerrit Kritzinger toegeken is.

5. cantando@bloem JAARKONSERT: Op **Dinsdag 9 Junie 2015** vind die jaarkonsert van **cantando@bloem**, 'n vierstemmige koor vir volwassenes wat in 2009 deur Bouwer van Rooyen gestig is en steeds onder sy leiding staan, in die Odeion op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat plaas. Dié koor tree gereeld in kerke op, maar bied juis daarom 'n ligter program, wat hoofsaaklik uit sekulêre werke uit sy repertorium saamgestel is, vir sy jaarkonsert aan – klik **hier** vir meer inligting:

6. WERKSWINKEL – NASORG VIR VERSLAAFDE PERSONE: Die algemene doel van hierdie werkswinkel is om inligting te voorsien wat kan lei tot kennis en vaardighede om daardeur 'n nasorgdiens aan chemies verslaafde persone te kan lewer, dit is dan ook deel van die hele behandelingsproses. Die werkswinkel vind op **16 en 17 Julie 2015 by die Hugenote Kollege in Wellington plaas**. Die tye is **soggens vanaf 09:00 – 16:00** en die fasiliteerder is dr MA van der Westhuizen – koste is R750pp, dit word in Afrikaans en Engels aangebied. **Om te registreer**, kontak vir Isebell Appollis by 021 873 1181, of per e-pos by **iappollis@hugenote.com** – **sluitingsdatum is Woensdag 1 Julie 2015.** Klik ook **hier** vir die registrasievorm.

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

7. VAKATURES:

- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

- **DRINGEND! KINDERVERSORGER/HUISMOEDER: Ons Kinderhuis in Bloemfontein** is baie dringend opsoek na 'n geskikte persoon om hierdie vakature te vul. Aansoekers moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - Oor 'n passie vir kinders en tieners beskik
  - Moet inslaap
  - Oor 'n minimum van twee jaar werkservaring met getraumatiseerde minderjariges beskik
  - Oor Graad 12-kwalifikasie beskik
  - Oor 'n bestuurslisensie beskik

  Stuur 'n volledige CV met verwysings na **sonja@vironskinders.org.za** – die **sluitingsdatum vir aansoeke is reeds Vrydag 5 Junie om 16:00.**

8. HANDLEIDINGS TE KOOP: Gedurende die eerste kwartaal het die NG Gemeente Heuwelsig die reeks oor "Hoop wat groei en groei", gedoen en daar het van die handleidings oorgebly wat hulle graag wil verkoop. Die handleiding met dagstukkies vir sewe weke is vir omgeegroepe en word vergesel van 'n DVD. Die prys per boekie is R10 - kontak vir Erika @ 051 436 1967, of stuur 'n e-pos aan **groepe@ngkerkheuwelsig.co.za**

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars en kantoor-personeellid wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

29 Mei:
Dr Hannes Els - KROONSTAD-SUID - 056 213 1177, 082 438 3284, **els@telkomsa.net**

31 Mei:
Ds Piet Smit - BRANDFORT-OOS - 082 874 1588, **wilpiet@absamail.co.za**
Ds Jac Pienaar - TAAIBOSSPRUIT - 016 972 2498, 061 417 7573, **jacpienaar1@gmail.com**

3 Junie:
Mev Marinda Pienaar - SINODALE KERKKANTOOR - 051 406 6701(k), **marinda@ngkvs.co.za**
Ds Bergh Müller - WILGEHOF - 051 525 2090, 076 816 3112, **bergh.werk@gmail.com**

4 Junie:
Ds Johann Smit – BLOEMHEUWEL - 051 522 3106, 082 491 2157, **jas7@telkomsa.net**

11. TEN SLOTTE: *Nog inspirasie vir die Comrades atlete...*



Groetnis, tot volgende keer…

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK **hier** **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

HARDLOOP VIR BYBELS 25 JAAR OUD

Comrades-atlete hardloop sedert 1991 vir Bybels en het oor die jare reeds meer as R9 miljoen vir Bybels geïn. Die atlete word per kilometer geborg en vanjaar gaan hulle veral help om geld in te samel om Bybels vir Graad 7-leerders wat dit

nie kan bekostig nie, beskikbaar te stel, asook om te help met fondse wat benodig word vir die vertaling van 'n Engelse Bybel wat spesifiek op Dowes gerig is. Vind meer uit oor hierdie projekte by **www.bybelgenootskap.co.za**.

"Eerstens dankie aan die talle atlete en hulle ondersteuners wat ons die afgelope 25 jaar ondersteun en dit vir duisende mense moontlik gemaak het om 'n Bybel te ontvang. Ek wil egter 'n beroep doen op ingeskrewe Comrades-atlete en op die Christengemeenskap in Suid-Afrika om hande te vat met die Bybelgenootskap en ons te help om ons taak uit te voer," sê ds Dirk Gevers, Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die Bybelgenootskap nooi alle atlete en belangstellendes uit om die 'Hardloop vir Bybels'-stalletjie te besoek by die *Bonitas Comrades Marathon Expo* wat van 28 tot 30 Mei in die Durban *Exhibition Centre* aangebied word. Enige van die ingeskrewe Comrades atlete of lede van die publiek wat by die *Hardloop vir Bybels*-projek betrokke wil raak, kan dit doen deur die Bybelgenootskap se webwerf **www.bybelgenootskap.co.za** te besoek, of 'n e-pos te stuur aan **biblia@biblesociety.co.za**, of 021 910 8705 te skakel.

TERUG NA INHOUD

JAARKONSERT:

Dit beloof om 'n aand van ligte vermaak met 'n groot verskeidenheid koormusiek te wees, met *ondermeer Centmille Chansons* van Frida Boccara, *I do believe* van Christa Steyn en Lize Beekman, *Dona Nobis Pacem* van Isak Roux, *Hlonolofatsa* (tradisionele Sotho-lied), *Pata-pata*!, wat aanvanklik deur Maria Makeba bekend gemaak is en *Ubi Caritas* van Ola Gjeilo. Johan Cromhout en Brigitte Botha tree as gassoliste by die geleentheid op. Maretha Steyn en Marilise van Rooyen behartig die begeleiding.

Die koor reis in Junie 2015 na Italië en Oostenryk vir verskeie optredes in dié twee lande, maar hoofsaaklik vir deelname aan die18de jaarlikse Alta Pusteria-koorfees in Italië se Suid-Tiroolgebied. Die jaarkonsert word gevolglik ter voorbereiding en as fondsinsameling vir die koor se voorgenome internasionale toer aangebied. Hierdie is ook die laaste keer dat cantando@bloem onder leiding van Bouwer optree voordat hy en Marilise hulle in Port Elizabeth gaan vestig. Bouwer word opgevolg deur Werner Stander as dirigent. Die program sluit af met 'n koor-, orrel- en klavieritem met samesang deur die gehoor, met Bouwer voor die orrel en Marilise voor die klavier.

Kaartjies is reeds beskikbaar by koorlede - skakel Elisabet de Lange @ 082 565 5932 vir verdere inligting en besprekings.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **PROJEK WINTERHOOP 2015:** Torings van Hoop skakel vanjaar weer by die landswye **Winterhoopprojek** wat deur MES (Hillbrow JHB) gekoördineer word, in. Die doel is nie net om komberse, warm klere, kos en fondse vir hulpbehoewende mense in te samel nie, maar ook om die van ons wat begenadig is om genoeg te hê, bewus te maak van die "ander wêreld" daarbuite – baie keer nie vreeslik ver van waar ons leef en werk nie! Torings van Hoop het onderneem om die Winterhoopprojek in die groter Vrystaat te koördineer en wil daarom graag gemeentes, skole en soortgelyke organisasies uitnooi om om deel van hiérdié inisiatief te wees. Deur hierby in te skakel, kan individue, gemeentes, skole en organisasies self baie voordeel hieruit trek deurdat van dit wat ingesamel word, juis plaaslik aangewend moet word. Klik **hier** vir dokument met volledige inligting en kontakbesonderhede. **Belangstellendes moet asseblief vóór Vrydag 29 Mei 2015 laat weet wie sou belangstel om aan hierdie projek deel te neem** – Torings van Hoop wil dan die nodige reëlings met julle tref!

- **HELP ASSEBLIEF!:** Die **NG Gemeente Vrede-Wes** is dringend op soek na iemand om die **kerktoring se horlosie te herstel.** Kontak vir Sandra Volschenk by die kerkkantoor, 058 912 1204, of stuur 'n e-pos aan **vredewes@lantic.net**

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **UNIVERSITAS-WES SE BASAAR (ROOIKERK KUIERFEES):**

- **NG PELLISSIER SE DAMESTEE:**

- **NG BRANDFORT – SONSKYN KERMIS EN VETERAAN MOTORSKOU:** Dit vind op **Saterdag 30 Mei 2015 vanaf 08:00** plaas. Die volgende sal beskikbaar wees: Braaivleis, poeding, pannekoek, roosterkoek, 'n teetuin, verskeie uitstallers, speletjies, tuisgebak en vele meer. Om stalletjies te huur, skakel 082 334 2684 - vir enige ander navrae of inligting, skakel 082 873 2650.

3. WERKSWINKELS / KURSUS:

- **UITNODIGING – WERKSWINKEL OOR STRATEGIEë VIR DIE BEKAMPING VAN ARMOEDE:** Dié werkswinkel, ***Hande en voete op die grond***, word as deel van die NG Kerk Vrystaat se Jubeljaarvieringe, in samewerking met ENGO, Vennote in Getuienis, Eenheid vir Bedieningsbegeleiding (EBB), asook die NG Gemeente Ooshoek aangebied. Dit fokus op gemeentes se betrokkenheid by ons gemeenskappe. Hoe kan ons hande en voete op die grond wees? Leraars word uitgenooi, maar veral ook betrokke lidmate, soos verteenwoordigers van kerkraadskommissies (getuienis, barmhartigheid, diakonie), bedieninge van die gemeente, maatskaplike- en hulpwerkers en enigeen wat belangstel. **Dit vind op Vrydag 19 Junie 2015 vanaf 09:00 – 16:30** by die NG Gemeente Ooshoek plaas – klik **hier** vir die formele uitnodiging, sowel as die program vir die dag. **Bevestig u teenwoordigheid vóór 12 Junie 2015!**

- **BRUGBEDIENINGSKURSUS:** Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening bied hierdie jaar die volledige Brugbedieningskursus in twee blokke in Bloemfontein aan:

Datum - Week 1: 17 tot 19 Augustus 2015
Datum - Week 2: 9 tot 13 November 2015
Plek: NG Kerk Vrystaat Sinodale Sentrum (Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein)
Aanbieders: Malan Nel, Howard du Toit, Johan van Loggerenberg en Kobus Schoeman
Koste: R 3 000pp (sluit kursusmateriaal en ligte middagete's in)
Verblyf: Gratis verblyf kan op vroegtydige versoek gereël word
Sluitingsdatum: Vrydag 31 Julie 2015
Betaling: NG Kerk OVS, ABSA Tjek 470 000 406, **NB!** Verwysing: Brug+Voorletters&Van
NB! Faks asseblief bewys van betaling aan 086 502 0818
Kontakbesonderhede: Belangstellendes kan vir Joanie by 051 406 6732 (k), of per e-pos kontak by gemeentes@ngkvs.co.za – klik hier vir meer inligting oor Brugbediening.

4. VAKATURES:

- **SKRIBA - NG GEMEENTE WARDEN:** Hierdie gemeente beskik binnekort oor 'n vakature vir skriba. Klik hier vir al die inligting – **sluitingsdatum vir aansoeke is Sondag 14 Junie 2015**.

- **TENTMAKERSPOS – NG GEMEENTE VERKEERDEVLEI:** Aansoeke word ingewag vir 'n Tentmakerspos wat vanaf 1 Junie 2015 beskikbaar raak. Klik hier vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 31 Julie 2015.**

TERUG NA INHOUD

BRUGBEDIENINGSKURSUS:

Wanneer 'n voltydse predikant of pastor weggaan, gaan gemeentes deur ervarings van verlies of verligting. Enigeen van hierdie emosies (of beide) vra vir begeleiding. As individue dit nodig het, die liggaam nog meer en die pennie het mos darem nou goed geval: gemeentes is belangrik! Geen wonder nie dat so baie kerke rondom die wêreld voorsiening maak vir spesifiek opgeleide predikante wat hierdie proses kan begelei. Hierdie interim of brugpredikante is nie pastorale hulpe nie; ook nie maar net charismatiese predikers; ook nie maar net kundige bestuurskonsultante nie. Hulle is meer: minstens begeleiers van korporatiewe trauma tydens verandering; minstens pastors wat die binnewerk van gesonde gemeentes verstaan; minstens begeleiers na openheid vir 'n nuwe bediening waar daar voortgegaan word om die bediening aan die gemeente terug te gee en saam met die gemeente die wil van die Here te soek.

Kerke binne ons land vereis formele opleiding vir hierdie brugpredikante. Gemeentes is net eenvoudig belangrik genoeg om in 'n tyd van vakatures deur spesifiek opgeleide persone begelei te word. Sommige kerke bestuur dit reeds met 'n goed saamgestelde reglement. As geloofsgemeenskappe is ons dit aan mekaar verskuldig. Binne die reformatoriese tradisie was ons nog nooit skaam om te erken dat ons nie maar alles kan doen nie: ons lei begaafde mense op om dit waartoe hulle geroep is, selfs beter te doen.

Kursus-koördineerders: Malan Nel, Howard du Toit, ander dosente: Errol Dengler, Hannes van Rensburg, Collin Goeiman, Christo van der Merwe, Willem Boshoff, Johan van Loggerenberg

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – SKRIBA, NG WARDEN:

Die NG Gemeente Warden is op soek na 'n vriendelike, verantwoordelike en stiptelike persoon om die pos van skriba te beklee. Hierdie persoon moet rekenaarvaardig (*Pastel*-agtergrond is voordelig), tweetalig en lid van die NG Kerk-familie wees, asook oor goeie kommunikasie– en organisatoriese vermoëns beskik.

Werksure: Maandae tot Vrydae vanaf 08:00 tot 13:00
Salarispakket: ± R8000pm
Sluitingsdatum: **Sondag 14 Junie 2015**
Skriftelike aansoeke, vergesel van 'n CV, kan per hand by die kerkkantoor (Kerkstraat) afgelewer word, of per e-pos na ngkwarden@zippnorth.co.za gestuur word.
Navrae: Skakel die kerkkantoor by 058 643 0553 of vir ds Pieter Nel by 082 879 1466

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – TENTMAKERSPOS, NG VERKEERDEVLEI:

Enige gelegitimeerde leraar, insluitend emeriti van die NG Kerk is welkom om aansoek te doen. Vergoeding en diensure is onderhandelbaar wanneer die diensoorkoms opgestel word - 'n ruim pastorie is beskikbaar.

Verkeerdevlei is sowat 75 kilometer vanaf Bloemfontein geleë. Die gemeente bestaan uit ongeveer 100 lidmate, waarvan die meerderheid ouer as 50 is. Daar is omtrent 15 (voorskools tot graad 9) kinders in die kategesegroep. Hulle is 'n familiegrootte gemeente wat soos hul leuse dit stel, graag "in Jesus se Voetspore", wil volg. Hulle sien met entoesiasme uit na die volgende fase in die gemeente se pad saam met God.

Aansoeke kan tot Vrydag 31 Julie 2015 per e-pos gestuur word aan bornmanrita@gmail.com.
Vir meer inligting of enige navrae, kontak vir Rita Bornman (saakgelastigde) @ 083 242 9242, of vir Koos Viviers (hoofouderling) @ 082 375 7933.

TERUG NA INHOUD